# DISSIPLINE BELEID

Dissipline

1. Goeie dissipline is ‘n integrale deel van die skool se erekode en karakter.
2. Dit is elke opvoeder se verantwoordelikheid om goeie dissipline in sy/haar klas/leerarea te handhaaf.
3. Goeie dissipline word verseker deur ‘n opvoeder wat deeglik voorbereid by die skool opdaag.
4. Leerders mag nie net in klasse sit nie. Die opvoeder moet die kurrikulum-inhoud so aanbied dat elke leerder die geleentheid kry om te leer.
5. Dissiplinêre probleme word hanteer volgens die voorskrifte van die Gedragskode vir Leerders.
6. Elke opvoeder moet die oortreders in sy/haar klas/leerarea penaliseer vir oortredings wat die leerders begaan. Die blywendste vorm van dissipline is selfdissipline. Dissipline begin dus by die leerkrag.
7. Die volgende help om eie dissipline op te skerp:

- Wees betyds by jou klas.
- Moenie jou klas verlaat nie. Jy gee gesag af aan jou swakste dissiplinêre leerlinge.
- Wees voorbereid vir jou klasse.
- Dissipline begin reeds wanneer die kinders in die gang is.
- Wees konsekwent met jou dissipine.
- Volg die dissiplinêre stelsel.

Hantering van die leerders in die klas

1. Die opvoeder onderneem om die leerders menswaardig te behandel en aan alle leerders die geleentheid te bied tot gelykwaardige deelname.
2. Die leerders sal weer op hulle beurt ook die opvoeder menswaardig behandel.
3. Leerders wat nie werk verstaan nie, moet gehelp word. Die opvoeder benader sodanige leerders positief en gaan so te werk dat die leerder se selfvertroue in die leerarea aangemoedig word.
4. Nadat die opvoeder sy/haar bes gedoen het om ‘n leerder te help wat ‘n probleem ervaar om werk te verstaan, kan so ‘n leerder verwys word vir R.O.
5. Die opvoeder sal nie teen enige leerder in sy/haar klas diskrimineer nie.
6. Die opvoeder sal aan leerders erkenning gee vir goeie resultate.
7. Die opvoeder sal binne die klas duidelike riglyne stel wat die ordelike verloop van die leergebeure sal verseker.
8. Die opvoeder onderneem om die leerders in sy/haar klas in te lig oor die vereistes wat die skool stel aan leerders van die skool.
9. Die opvoeder erken die leerder se reg om aangehoor te word.
10. Die opvoeder sal leerders wat binne die klas oortree, onderwerp aan die voorgeskrewe strafmaatreëls.
11. Die opvoeder sal vertroulike inligting oor leerders sodanig hanteer dat dit nie die leerder in verleentheid sal plaas nie.
12. Die opvoeder onderneem om sy/haar professionele verantwoordlikheid teenoor elke leerder in sy/haar sorg na te kom.
13. Die opvoeder sal keurige taal teenoor die leerders besig en voorkom dat die leerders verval in swak taalgebruik.
14. Onder geen omstadighede mag ‘n leerder verkleineer of beledig word in die klassituasie nie, veral nie as die leerder met werk sukkel nie.
15. ‘n Klasvergadering is ‘n effektiewe wyse om aandag te gee aan die saamstel van klaskamerreëls, ‘n gedragskode vir leerders en ‘n gedragskode vir leerders vir die klas.
16. Klaskamerreëls is uiters noodsaaklik en moet afgedwing word.
17. Goeie opvoeders is streng en tree met ferm leierskap op.

18. Goeie opvoeders gee aan die leerders in die klas geleentheid om ‘n sê te hê in die daarstel van klaskamerreëls en die gevolge wanneer reëls van die klas oortree word.
19. Die opvoeder verskaf die basiese stel klaskamerreëls en vra die leerders om hulle insette te lewer.
20. Wanneer die reëls deur almal aanvaar is, verval die leerders se reg om nie die reëls te gehoorsaam nie.
21. Opvoeders wat omgee, aanvaar geen verskoning vir swak of wangedrag nie.
22. Redelike gevolge moet altyd leergedrag opvolg, hetsy goeie gedrag of swak gedrag.
23. Alle opvoeders moet vir die duur van die periode wat leerders in die opvoeders se klasse is, onderrig aan die leerders verskaf.
24. Geen leerder mag gedurende akademiese periodes rondgestuur word of onderrig ontneem word nie.
25. Die gehalte van onderrig wat aan die leerders verskaf word, moet voldoen aan die vereistes wat die skool se credo/leerareabeleide stel.
26. Opvoeders mag nie leerders in hulle klasse bevoordeel/benadeel in enige werk nie, maar moet gedurig die nodige opvoedingsafstand handhaaf en die leerders objektief beoordeel in enige werksopdrag.
27. Opvoeders mag nie vloekwoorde/kragwoorde gebruik in hul onderrig of lesverloop nie.
28. Opvoeders moet die inhoud van die skoolbeleidsdokument ken en daaraan uitvoering gee in hantering van die leerders.

Onderrig

1. Alle opvoeders moet vir die duur van die periode wat leerders in die opvoeders se klasse is, onderrig aan die leerders verskaf.
2. Geen leerder mag gedurende akademiese periodes rondgestuur word of onderrig ontneem word nie.
3. Die gehalte van onderrig wat aan die leerders verskaf word, moet voldoen aan die vereistes wat die skool se bestuursplan en credo stel.
4. Suksesvolle onderrig is die sleutel tot ons skool se akademiese sukses.
5. Geen opvoeder behoort by sy/haar tafel te sit en leerders onderrig nie.
6. Opvoeders word versoek om nie koerant te lees as leerders teenwoordig is in die klas nie.

Professionele optrede

1. Dit word van elke opvoeder verwag om professioneel op te tree in die uitvoering van alle amptelike pligte.
2. ‘n Professionele persoon handhaaf ‘n sekere standaard in sy/haar werk.
3. ‘n Professionele persoon is ‘n kundige op sy/haar leerareagebied.
4. Leerkragte se gedrag en taalgebruik in die klas, sowel as op die sportveld, dra die beeld van die skool na buite. Die ouers en die gemeenskap is die rede vir die skool se bestaan en moet kan assosieer met die beeld van die skool. Die manier hoe jy optree teenoor ouers, bepaal die professionele beeld wat hulle van jou sal hê. Jou gesprekke met kollegas of oor kollegas getuig van jou professionele ingesteldheid.

Die opvoeder en die gemeenskap

1. Die opvoeder aanvaar die beginsel dat die skool in diens van die gemeenskap staan en die opvoeder onderneem om die gebruike, gewoontes, tradisies en gedragskode vir leerders van die gemeenskap te respekteer.
2. Die opvoeder aanvaar die rol om binne die gemeenskap leiding te gee in verband met opvoeding en gesindheidsvorming.
3. Die opvoeder moet ook bereid wees om binne die gemeenskap te dien en bydrae te lewer tot die opheffing van die gemeenskap.
4. Die opvoeder erken dat die onderwysprofessie ‘n openbare vertrouensposisie beklee waarby die opvoeder se menswees, persoonlike gedrag en leefwyse betrokke is.

5. Die opvoeder erken die wisselwerkingsverband tussen skool en gemeenskap en weet ook dat sy of haar handeling en gedrag daarom sodanig moet wees dat dit die respek van die gemeenskap sal afdwing.
6. Die opvoeder sal poog om die beeld van die onderwysprofessie te versterk.
7. Die opvoeder sal onderneem om die etos van die skool uit te leef na die breër gemeenskap.

Die opvoeder en die werkgewer

1. Die opvoeder sal altyd lojaal wees teenoor sy werkgewer en hulle na die beste van sy vermoë dien.
2. Die opvoeder sal alle voorskrifte en regulasies gehoorsaam en getrou alle opdragte van die werkgewer uitvoer.
3. Die opvoeder sal professionele aangeleenthede binne die regte kanale hanteer.
4. Die opvoeder sal hom/haar daarvan weerhou om amptelike sake met persone buite die skool te bespreek.
5. Die opvoeder sal alle gedelegeerde opdragte wat hy ontvang uitvoer na die beste van sy vermoë in die gestelde tydsbeperking vir die opdrag.

**PROSES VAN LEERDERS WAT DETENSIE KRY**

***EERSTE DETENSIE***

Leerkrag (**Registeronderwyser**) spreek leerder aan oor detensie wat leerder gekry het.
Leerkrag moet ook ‘n afskrif maak van die detensiebrief wat leerder gekry het as bewys dat leerder detensie gaan sit. ‘n Afskrif van detensiebrief en ‘n afskrif van waar ouers geteken het, moet aan Departementshoof gestuur word.

***TWEEDE DETENSIE***

**Leerkrag** maak ‘n afskrif van die detensiebrief wat leerder gekry het as bewys dat leerder detensie gaan sit.
‘n Afskrif van detensiebrief en ‘n afskrif van waar ouers geteken het, moet aan Departementshoof gestuur word.
**Graadhoof** spreek leerder aan oor tweede detensie wat leerder gekry het.
**Graadhoof** moet ‘n brief aan ouers gee wat hulle uitnooi om volgende oueraand by te woon. (‘n Afskrif van die brief moet dan aan Departementshoof gegee word.)

***DERDE DETENSIE***

**Leerkrag** maak ‘n afskrif van die detensiebrief wat leerder gekry het as bewys dat leerder detensie gaan sit.
‘n Afskrif van detensiebrief en ‘n afskrif van waar ouers geteken het, moet aan Departementshoof gestuur word.
**Graadhoof** moet ‘n brief aan ouers gee wat hulle uitnooi om volgende oueraand by te woon. (‘n Afskrif van die brief moet dan aan Departementshoof gegee word.)
**Departementshoof** spreek leerder aan oor derde detensie wat leerder gekry het.
**Departementshoof** gee aan leerder ‘n intervensievorm wat geteken moet word deur leerder se ouers. Afskrif moet ook gemaak word van die intervensievorm.

***VIERDE DETENSIE***

**Leerkrag** maak ‘n afskrif van die detensiebrief wat leerder gekry het as bewys dat leerder detensie gaan sit.
‘n Afskrif van detensiebrief en ‘n afskrif van waar ouers geteken het, moet aan Departementshoof gestuur word.
**Graadhoof** voorsien aan departementshoof ‘n afskrif van al die debiete wat leerder gekry het.
**Departementshoof** spreek leerder aan oor vierde detensie wat leerder gekry het.
**Departementshoof** gee aan leerder ‘n intervensievorm wat geteken moet word deur leerder se ouers. Afskrif moet ook gemaak word van die intervensievorm. In die intervensievorm word daar dan versoek dat ouers die departementshoof moet kom sien.

***VYFDE DETENSIE***

**Leerkrag** maak ‘n afskrif van die detensiebrief wat leerder gekry het as bewys dat leerder detensie gaan sit.
‘n Afskrif van detensiebrief en ‘n afskrif van waar ouers geteken het, moet aan Departementshoof gestuur word.
**Graadhoof** voorsien aan departementshoof ‘n afskrif van al die debiete wat leerder gekry het.
**Departementshoof** spreek leerder aan oor vyfde detensie wat leerder gekry het. In die geval van ‘n graad 6 of 7 leerder, sal hulle nie meer toegelaat word om op Gr.6 kamp of Gr.7 toer te gaan nie.
**Departementshoof** gee aan leerder ‘n intervensievorm wat geteken moet word deur leerder se ouers. Afskrif moet ook gemaak word van die intervensievorm. In die intervensievorm word daar dan versoek dat ouers die departementshoof moet kom sien, waar ouers gewaarsku gaan word tot wegwysing van leerder.
Departementshoof bring die leerder se detensies onder die aandag van **skoolhoof.**

***SESDE DETENSIE***

**Leerkrag** maak ‘n afskrif van die detensiebrief wat leerder gekry het as bewys dat leerder detensie gaan sit.

‘n Afskrif van detensiebrief en ‘n afskrif van waar ouers geteken het, moet aan Departementshoof gestuur word.

**Graadhoof** voorsien aan departementshoof ‘n afskrif van al die debiete wat leerder gekry het, asook alle gevalle van gedrag en/of enige voorvalle wat by leerder plaasgevind het.

**Departementshoof** bespreek leerder se ses detensies met skoolhoof en beheerliggaam.

**Skoolhoof** en **Beheerliggaam** volg proses van ‘n dissiplinêre verhoor.

OPGRADEER : 17 Oktober 2024